

Dinsdag 11 November

Skrifgedeelte: Johannes 1:1-14

Fokusgedeelte: Johannes 1:12

Jou vreugde as kind van God!

In die eerste deel van Johannes se Evangelie word geopenbaar dat Jesus die ewige Seun van God is, self God van die begin af. Hy het mens geword en op aarde tussen sondige mense kom woon. Hy het in hierdie donker wêreld vol sondeduisternis kom skyn as die Lig.

Tog het die mensdom en selfs die groot meerderheid van sy eie volk, die verbondsvolk Israel, Hom nie aanvaar en in Hom geglo nie. In teenstelling hiermee dui ons fokusvers op sekere mense wat Hom wel aanvaar het. Hulle word ook beskryf as die wat in sy Naam geglo het. Dit beteken hulle het geglo in Jesus – Wie Hy is en wat Hy oor Homself geopenbaar het.

Met al hierdie mense, ook elkeen van ons wat Jesus aanvaar en in geloof aan Hom vasgryp, wat volgens vers 13 uit God gebore is, gebeur wonderlike dinge uit genade. Volgens ons fokusvers gee Jesus aan hulle die reg om kinders van God te word. Hier word taal uit die regs- en juridiese wêreld gebruik vir Jesus se optrede. Hy is soos 'n regter wat teenoor elkeen wat in Hom glo, die regsuitspraak lewer dat hy of sy nou wetlik deur God aangeneem word as kind.

Hierin lê opnuut vir ons elkeen vandag 'n vreugdevolle troosboodskap. Uit genade het elkeen van ons wat Jesus in geloof aanvaar as Verlosser van ons sondes, 'n wonderlike nuwe identiteit – kind van die lewende God! Jy ken God nou as jou Vader wat jou sondes vergewe, wat jou liefhet, wat vir jou sorg met alles wat jy nodig het, wat jou vashou in sy liefdeshand, ook vandag. Loof en dank Hom met vreugde dat jy as genadige geskenk deel kan wees van sy huisgesin.

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3

Ds. L du P (Wicus) van der Vyver (Silverton)